opvoeding tot 'n sistematiese eenheid te vorm, want alleen dan kan die opvoedkunde as wetenskap bestempel word.

In die derde plek hou die teoretiese opvoedkunde hom besig met die grondvrae en grondprobleme van die opvoeding. Hier kan talle opgenoem word. Ons noem maar net die belangrikste. Dit gaan oor die doel, die uitgangspunt, die inhoud, die metode, die organisasie, die tug en dissipline, gesag en vryheid, die grense van die opvoeding, die opvoeder en sy verantwoordelikheid, opleiding, ens., toetsing en meting, ens., ens. Met die ontwikkeling van die mensdom met die verloop van tyd sal daar voortdurend nuwe vraagstukke en nuwe probleme opduik wat die teoretiese opvoedkunde in oënskou sal moet neem. Daarom kan ons as stelling neerlê dat die teoretiese opvoedkunde as wetenskap voortdurend in wording is en dat elke geslag sy bydrae kan en sal lewer.

In die beredenering van die opvoedkundige implikasies van Cassirer se antropologie word die bogenoemde indeling nie gevolg nie. Ons beoog liewer om die volgorde van probleme te volg wat uit die volgorde van Cassirer se stellings voortvloei. Dit sal sy siening meer tot reg laat kom en die opvoedkundige implikasies meer organies met ~~die~~ sy antropologie verbind.

Ons behandel dan vervolgens sekere fundamentele afleidings wat gemaak kan word ten opsigte van sy algemene mensbeskouing. Hierna gaan dit oor opvoedkundige afleidings wat gemaak kan word van Cassirer se kultuurbeskouing. Ten laaste word die bogenoemde gesistematiseer en gekoördineer in afleidings ten opsigte van die opvoeding as sodanig.

## HOOFSTUK 17 ALGEMENE FUNDAMENTELE AFLEIDINGS [1]

1. Inleiding. Die opvoeding het by uitstek te doen met 'n menslike verhouding en daarom moet die waarde al dan nie van Cassirer se antropologie tot openbaring kom. Vir enige antropologie geld die pragmatiese toets dat dit die opvoedkunde moet kan bevrug. (Pragmatiese moet nie met pragmatistiese verwar word nie. Met pragmatiese bedoel ons dat dit nuttig is, waarde en betekenis het vir en 'n bydrae kan lewer tot die opvoedkunde; pragmatisties het te doen met die pragmatisme as denkrigting waar nuttigheid, doeltreffendheid, ens. as die hoogste doel van die opvoeding beskou word. In die lig gesien is hierdie afdeling 'n verdere waardebepaling van Cassirer se antropologie en, as sodanig, 'n voortsetting van Deel II.

2. Die moontlikheid van opvoeding. Dit kan sonder enige twyfel aanvaar word dat uit Cassirer se antropologie volg dat opvoeding moontlik is en wel om die volgende redes:

Die moontlikheid van die opvoeding lê in die moontlikheid van mense om met mekaar omgang te hê. Die omgang is egter van 'n besondere aard want daar moet in die omgang invloed van die een op die ander uitgaan; met ander woorde, die moontlikheid moet bestaan dat daar in die omgang verandering teweeggebring kan word in die denk- en leefwyse van die een

113./ wat beïnvloed word...

1. Soos ons kan aflei uit Deel I.A.

wat beïnvloed word. Hierdie omgang sal in die lig van Cassirer se mensbeskouing moontlik wees omdat daar by die mens gemeenskaplikheid van funksie en, in 'n groot mate, gemeenskaplikheid van simboolinhoud is.

Opvoeding as omgang tussen mense moet egter nader bepaal word, want nie alle omgang is opvoeding nie. "De omgang in het gebied der opvoeding heeft immers twee voor ieder licht waarneembare kenmerken:

1° dat men in de omgang invloed uitoefent en

2° dat het de bedoeling is, dat de invloed van de volwassenen of van wat zij in het aanzijn roepen (een school, eenboek, een dagindeling, enz.), uitgaat op de onvolwassene."[1]

Opvoeding is dus in die tweede plek moontlik omdat die volwassene die vermoë het om doelbewus beïnvloedend te werk te gaan en omdat die onvolwassene bevatlik is vir beïnvloeding. Volwassenheid sal vir Cassirer volgens afleiding, baie meer wees as net biologiese volgroeidheid. Dit sal bestaan uit die doeltreffende fungering van die simboliese funksie en die mate van vryheid wat progressief self verwerf is. Volwassenheid sal dus in direkte verhouding staan met die mate wat die mens sisteem, orde en werklikheid in sy wêreld gebring het en kan bring. Dit sal al die kultuursektore insluit en daarom sal volwassenheid betrekking hê op sy godsdiens, taal, kuns, wetenskap, ens. Omdat daar vir die volwassene sin en betekenis in sy wêreld is, sal hy die vermoë hê om dit aan ander oor te dra. Omdat daar vir hom al duidelikheid van doelstelling is kan hy doelgerig te werk gaan. Die beïnvloedbaarheid (opvoedbaarheid) van die onvolwassene lê in sy drang om sin en orde in sy wêreld te skep.

In die derde plek is opvoeding moontlik, soos ons vir Cassirer verstaan, omdat hy by die mens 'n selfwerksame, skeppende aktiwiteit aanvaar. Dit is hierin wat die dinamiek van die opvoeding lê. Die kind het 'n aktiewe deel in die opvoedingsproses en as dit nie so was nie, dan sou opvoeding onmoontlik wees. (Vgl. Helen Keller as voorbeeld).

In die vierde plek is opvoeding volgens Cassirer se mensbeskouing moontlik omdat hy die ontwikkeling (progressiewe genese) by die mens en ook by die kind erken. As daar geen ontwikkeling was nie, dan was daar geen opvoeding nodig of moontlik nie.

In die vyfde plek is opvoeding moontlik omdat daar 'n wesensverskil tussen mens en dier is. As dit nie so was nie kon daar beswaarlik van opvoeding gepraat word, maar slegs van dressering en afrigting. Dit is juis omdat die mens anders as die dier is dat opvoeding moontlik is of, andersom gestel, opvoedbaarheid is juis een van die kenmerke wat die mens wesensverskillend van die dier maak.

Samevattend kan ons dan stel dat Cassirer se antropologie in die opsig (moontlikheid van opvoeding) die pragmatiese toets deurstaan.

Ook ons aanvaar dat opvoeding moontlik is, maar ons motivering is nie in alle gevalle dieselfde nie. Ons sien ook 'n wesensverskil tussen mens en dier maar ons aanvaar dit op ander gronde as Cassirer (sien betrokke gedeelte by Deel II). Ons siening van volwassenheid en onvolwassenheid

114./ is ook anders ....

1. M.J. Langeveld; Beknopte Theoretische Paedagogiek,21.

is ook anders as die wat hy volgens ons mening sal huldig (hieroor later meer). Opvoeding is moontlik omdat die mens in persoonlike kontak met sy medemens is in en met betrekking tot 'n gemeenskaplkke wêreld. Opvoeding is moontlik in die mate wat die mens in hierdie gemeenskaplike wêreld orde, sin en doel ontdek. Opvoeding is veral moontlik omdat die mens so geskape is dat die kind deur opvoeding gevorm kan word; dat hy in sy wese onselfstandig en afhanklik is; omdat hy gesag kan erken en in gehoorsaamheid hom kan laat lei in die opvoeding tot mondigheid en ten laaste omdat hy wordend, ontwikkelend is en dat hy in hierdie ontwikkeling aktief kan deelneem in die opvoeding.

3. Die noodsaaklikheid van die opvoeding. As die wese van die mens dan sou lê in sy simboliese funksie deur middel waarvan hy vir homself 'n eie wêreld met sin en betekenis daarstel, vanwaar dan die noodwendigheid van die opvoeding? Hierdie simboolskeppende vermoë is tog immers aangebore en kan nie deur middel van opvoeding van buite af aangebring word nie. Uitgaande van sy mensbeskouing sal Cassirer, volgens ons mening, hierop soos volg kan antwoord:

Die doeltreffende fungering van die simboliese funksie, dit wil sê in watter mate dit slaag om die kind los te maak van die sintuiglike en hom te laat beweeg in en na "the world of meaning" en sodoende tot voller progressiewe selfbevryding, kan deur opvoeding verhoog word en uit hierdie teleologie vloei die noodsaaklikheid voort.

Die mens het 'n weg gevind om sy werke (kultuurskeppings) te stabiliseer en hy kan dit wat hy verwerf het aan sy medemens en ook aan die kind oordra. Dit is juis hierin waar progressie lê en daarom hoef elke kind nie weer te begin waar die eerste mense begin het nie. Hierdie oordrag van die kultuur aan die kind word deur die opvoeding bewerkstellig. Omdat hierdie stabilisasie, progressie en oordrag noodsaaklik is, is opvoeding noodsaaklik as die mens wil vorder op die weg van selfbevryding.

"Man cannot find himself, he cannot become aware of his individuality, save through the medium of social life. ... Man, like animals, submits to the rule of society but, in addition, he has an active share in bringing about, an active power to change, the forms of social life."[1] Daar is geen magtiger middel as juis die opvoeding om hierdie aandeel van die mens as enkeling in die daarstelling en verhoging van hierdie "active power" en "active share" te bewerkstellig nie.

Cassirer se mensbeskouing impliseer dus die noodsaaklikheid van die opvoeding, nie alleen vir die kind as wordende mens nie, maar ook vir die besondere gemeenskap waarin hy verkeer, sowel as vir die mensdom in die algemeen. Dit vloei voort uit sy humanistiese, transendentalistiese en simbolistiese mensbeskouing met inagneming van die genetiese by die mens. Die noodsaaklikheid vloei dus voort uit die mens alleen, uit sy wese en wording en hiermee uit sy selfbepaalde bestemming.

Ons aanvaar ook die noodsaaklikheid van die opvoeding. Opvoeding is noodsaaklik omdat die mens daartoe deur God geroep en verplig is en wat hy moet uitvoer tot Sy eer en in Sy diens; sodat die kind bekwaam gemaak

115./ kan word om ......

1. E.o.M., 223.

kan word om sy aardse roeping, waarvoor hy die nodige aanleg, aard en talente ontvang het, te vervul; sodat die kind sy aardse bestemming kan verwesenlik. Die opvoeding is ook noodsaaklik gesien in die lig van die aard en behoeftes van die kind en van die mens, sodat die kind sowel as die mens se voortbestaan verseker kan word. Die opvoeding is noodsaaklik sodat die kind in staat gestel kan word om die natuur en homself te beheers en sodoende kultuur te vorm. Opvoeding is in die laaste instansie noodsaaklik sodat die moontlikhede wat God in die natuur gelê het ook kan verwerklik word; die wêreld is vir sy bestemming ook van die mens afhanklik.

4. <u>Die grense van die opvoeding.</u> Hierdie probleem het 'n tweërlei aard. Ten eerste moet gevra word op watter stadium van die kind se ontwikkeling met die opvoeding 'n aanvang geneem word en op watter stadium die opvoeding voltooi sal wees. Hierdie grense kan die chronologiese grense genoem word. Ten tweede moet gevra word in watter mate die mens opgevoed kan word. Hierdie grense kan die potensialiteitsgrense genoem word. Hierdie twee aspekte van die probleem is innig met mekaar verweef.

Gesien in die lig van Cassirer se beskouing van die mens as animal symbolicum kan 'n onderste of aanvangsgrens vir die opvoeding aanvaar word. Solank die kind nog in die pre-simboliese stadium verkeer, solank hy nog in die wêreld van'being'beweeg, kan daar nie sprake van opvoeding wees nie. Hy maak en reageer nog slegs op tekens. In hierdie pre- opvoedkundige stadium kan hy wel gewoontes aanleer maar dit sal 'n meganiese proses wees. Hier moet eintlik gepraat word van afrigting en dressering. Sodra die kind egter simbole begin vorm, dit wil sê betekenis aan ervaring begin gee, begin die moontlikheid van opvoeding. Sodra die kind begin om simbole te vorm, begin hy hom losmaak van sy omgewing, aan sy sintuiglike ervaring word sin en betekenis gegee en die lang proses van progressiewe selfbevryding het begin. In die proses sal die opvoeding 'n baie belangrike rol speel.

Die boonste grens sal vir Cassirer, soos ons kan aflei, moeilik bepaalbaar wees. Wat hy wel sal kan stel is dat solank die simboliese funksie progressief selfbevrydend fungeer is opvoeding moontlik. Daarom sou hy selfs kon praat van volwasse-opvoeding.

Ons aanvaar ook dat daar grense aan die opvoeding gestel kan word. Die aanvangsgrens word egter ons insiens nie deur die simboliese funksie bepaal nie maar deur die moontlikheid van die onstaan van 'n opvoedingsituasie. Die opvoedingsituasie kan alleen dan onstaan wanneer die kind ontvanklik is vir kontak met die opvoeder sodat hy van die opvoeder leiding kan ontvang en hom na die leiding met kinderlike selfaktiwiteit kan skik. "Die aanvangsgrens vir opvoeding in die strenge sin van die woord is dan die tydstip, hoe verskillend dit individueel ook mag wees, wanneer daar van gesagsopvolging onder gesagsleiding sprake is."[1] Hoe dit ookal sy, die opvoeding begin voordat die kind simbole kan vorm. In die preopvoedkundige stadium is die afrigting en dressering (gewoontevorming) ook wesensverskillend van afrigting en dressering by diere. Hierdie ge-

116./ woontevorming is .....

1. C.K. Oberholzer: Inl. i.d. Pr. Opv., 294

woontevorming is voorbereidend vir die opvoeding. Die opvoedingsproses begin dus voor die opvoeding as sodanig kan plaasvind. Die boonste grens van die opvoeding kan ook moeilik bepaal word. In sommige opsigte is die mens opvoedbaar solank sy geestelike funksies normaal fungeer. Die tipiese opvoedingsituasie bestaan egter nie wanneer die opvoedeling mondigheid bereik het nie want nou aanvaar die mens self die volle verantwoordelikheid vir sy verdere vorming en kan daar nie meer van 'n opvoedeling gepraat word nie. Streng gesproke moet daar 'n ander term gebruik word as opvoeding vir die geestesverruiming en vorming van die mens nadat hy mondigheid bereik het.

Wat die tweede aspek van die vraagstuk betref kan ons van Cassirer se antropologie aflei dat die mens nie in sy opvoeding kan begrens word nie. Hy is die skepper van die wet en met sy gees bring hy orde vir hom in sy omgewing en met sy simboolskeppende vermoë is alles binne sy bereik. Ons aanvaar dat die mens baie duidelik begrens word en daarom ook in sy opvoeding. Hy is begrens as skepsel teenoor God, hy is aan 'n godgestelde wetsorde onderworpe. Sy opvoeding kan alleen lei tot die vervulling van die wet en nie tot die daarstelling van die wet nie. Tussen die mens en die res van die skepping is daar ook 'n baie duidelike grens geplaas. Dit is daarom dat die mens opvoedbaar is en die dier nie. Om saam te vat: die mens is omkring en buite hierdie kring van menswees kan die opvoeding die mens nie bring nie.

5. Die betekenis van die simbool vir die opvoeding. As ons ons die vraag afvra of Cassirer se siening van die simbool en die simboolfunksie enige betekenis vir die opvoeding kan hê, moet ons dadelik bevestigend daarop antwoord. Ook in die opsig beantwoord Cassirer se mensbeskouing aan die pragmatiese toets. Die kind as wordende homo symbolicum het ook in sy gees daardie strukturele bepaaldheid waardeur hy transendentaal orde in sy wêreld kan bring. Hy is egter nie bewus van daardie mag wat hy besit nie en sodra hy uitvind dat hy simbole kan skep vind daar 'n totale ommekeer in sy benadering van die sintuiglike wêreld plaas (vgl. Cassirer se ontleding van die geval van Helen Keller). Hierdie funksionele siening van die simbool waardeur die kind die werklikheid "from inside to outside" benader is van baie groot belang vir die opvoeder in sy benadering van die opvoedingsituasie. Die kind is volgens Cassirer nie meer in direkte kontak met die werklikheid buite hom nie. Die opvoeding sal hom dus moet toespits op die funksie van die gees en nie op die aanbieding van die werklikheid nie.

Volgens ons siening van die mens en die opvoeding is hierdie siening van die simbool en sy funksie nie vir die opvoeding aanvaarbaar nie. Die kind kom met die sinvolle openbaring van God en die sinvolle in die kosmos self in aanraking. Dit is juis die taak van die opvoeder om die kind hiermee in aanraking te bring en die sinvolle vir hom bloot te lê. Nie dat ons nie van simbole in die opvoeding gebruik wil maak - inteendeel,die vorming van simbole is vir die opvoeding noodsaaklik en waardevol, maar dit is

117./ iets heel anders ....

iets heel anders as Cassirer se simbole. Waar Cassirer se simbole die kontak met die werklikheid verbreek is dit vir ons juis 'n middel waardeur die kind met die sinvolle en met die waarheid in aanraking gebring word. Simbole is ook die middel waardeur hierdie kennis meegedeel kan word en sonder simbole sal die opvoeding beswaarlik uitgevoer kan word.

Die simbool is volgens Cassirer die middel waardeur die mens transendentaal, funksioneel die orde en wetmatigheid van uit homself daarstel. Opvoedkundig gesien impliseer dit dat die kind so opgevoed moet word dat hy uiteindelik net aan homself gehoorsaam moet wees. Ons aanvaar 'n wetsorde wat God daargestel het vir stof, plant, dier en mens en aan hierdie wetsorde is die mens onderworpe. Dit is nie alleen van toepassing op die natuurwetmatigheid nie maar dit geld veral vir die normatiewe wetsorde. Die kind moet leer om volgens hierdie wetsorde te handel, dit wil sê gehoorsaam wees. In 'n opvoedkundige sisteem soos afgelei van Cassirer se mensbeskouing kan gehoorsaamheid nie sy regmatige plek kry nie.

Die opvoeding gaan oor die volwassewording van die kind. Hierdie volwassewording sal na ons mening volgens Cassirer gesien moet word in die lig van die fungering van die simboliese funksie van die mens, want dit is hierin dat die mens hom in sy menswees openbaar. Met hierdie groei word dan progressief sin en betekenis aan die kosmos gegee. Die opvoeding sal dan meer wees as net die gunstige voorwaardes daar te stel vir biologiese ontwikkeling want tot hierdie singewing kan die opvoeding baie bydra. Dit kan ons by Cassirer waardeer want ons erken ook die genetiese maar nie onder leiding van die transendentale nie. Die ontwikkeling van die kind is die progressiewe beantwoording van take aan hom gestel. Hierdie take bepaal ook sy wording en vorming tot volwasse mens. Dit is dus nie slegs die aangebore funksies by die kind wat hom laat ontwikkel nie, maar die ontwikkeling vind ook plaas onder leiding van transendente bepalings, dit wil sê bepalings wat kom van hoër instansies en wat buite hom lê.

6. Opvoeding tot volwassenheid. Die vraag kan nou gestel word wat Cassirer onder volwassenheid sou verstaan. Volgens ons kan aflei sal volwassenheid vir hom meer wees as net die eindpunt van biologiese groei. Dit volg uit sy transendentale visie dat mondigheid meer sal wees as net vaardigheid en rypheid. Dit sal vir hom vryheid (losgemaak van sinnelike gebondenheid) en daarom ook toerekenbaarheid en verantwoordelikheid beteken. Hierdie toerekenbaarheid en verantwoordelikheid sal die mens aan homself en aan die mensdom verskuldig wees maar hoofsaaklik aan homself. Die opvoedeling sal dus opgevoed moet word tot eie gesag en vryheid. Hoe mooi hierdie siening ook al mag wees, kan ons dit nie aanvaar nie. Mondigheid is vir ons ook baie meer as vaardigheid en rypheid (vgl. bl. 110). Dit beteken vir ons ook toerekenbaarheid en verantwoordelikheid aan gesag, maar in 'n radikaal ander sin as vir Cassirer. Ten eerste is die mens toerekenbaar en verantwoordelik aan die absolute gesag van God, wat aan die mens sy besondere roeping gee (vir Cassirer is dit die mens self wat roep). Ten tweede aanvaar ons menslike gesag soos byvoorbeeld staatsower-

118./ heid, ouers, ......

heid, ouers, onderwysers, ens. Hierdie gesag is van God gegee en die gesagsdraers is aan Hom verantwoordelik. Aan hierdie gesag is die mens as gesagsonderdaan onderworpe en verantwoording verskuldig en hiertoe moet die kind opgevoed word. Die opvoeding moet strewe na 'uit eie wil' gesagsaanvaarding en nie tot eie gesag nie. Hierdie besondere gesagseerbiediging is van kardinale betekenis vir ons opvoeding en dit kan Cassirer vanuit sy mensbeskouing nie aanvaar nie. In hierdie mondigheid sal vir Cassirer sowel as vir ons die doel van die opvoeding lê, maar hieroor in Hoofstuk 19

<u>7. Nadere tipering van die opvoedkunde.</u> Vanuit Cassirer se antropologie kan ons die volgende tipering van die opvoedkunde aflei:

Vir Cassirer is die mens genoegsaam in homself, het hy homself verhef vauit sy materiële gebondenheid, lê sy hoogste gesag in homself, is hy outonome wetgewer, ens. Daarom sal 'n teoretiese opvoedkunde wat op sy beskouing gefundeer is, humanisties wees. Hierdie beskouing sal al die terreine en wetenskappe wat die mens as middelpunt het, deurdring. Ons teïstiese beskouing plaas God in die middelpunt want in Hom, tot Hom en deur Hom is alle dinge en alle dinge moet plaasvind tot Sy eer.

Omdat die mens, volgens Cassirer, transendentaal en funksioneel, volgens die struktuele bepaaldheid van sy gees, aan die wêreld wat hy ervaar sin en betekenis gee, sal 'n teoretiese opvoedkunde wat hierop gebaseer is idealisties wees, alhoewel dit 'n idealisme van 'n bepaalde aard is. Hy staan teenoor die materialisme en deur sy singewing verhef hy die mens bo die dier. Hiervoor het ons waardering. Ons teoretiese opvoeding gaan egter uit van God en van die sinvolle wat Hy in die skepping geplaas het. Dit gaan ook uit van 'n besondere plek van die mens in die skepping waar hy as skepsel, maar ook as kroon van die skepping geroep is om die skepping tot eer van God te omvorm en te beheer. Hierin moet die kind opgevoed word. Bowendien sien ons die kind nie slegs funksioneel nie maar ook as 'n wese (substansie) wat materiële bestaan het en wat gevorm moet word.

Cassirer sien die mens hoofsaaklik as individu, want dit is die individu wat simbole skep, wat sin gee, wat homself bevry, ens. Daarom sal sy opvoedkunde individualisties wees. Die samelewing sal vir hom bestaan uit individue wat in 'n inter-individuele verhouding met mekaar staan. Ons wil geredelik die waarde van die individualiteits-beklemtoning in die opvoedkunde erken, maar ons sien in net so 'n fundamentele sin die mens as 'n sosiale wese. Daarom het die sosiale opvoeding vir ons besondere waarde en betekenis. Daar is samelewingskringe soos die volk, gesin, kerk, ens., wat 'n sosiale eenheid vorm wat meer is as die som van die individue waaruit dit bestaan. Hierdie eenhede is op 'n besondere strukturele wyse saamgebind en die individue in hierdie eenheid staan in 'n besondere gesagsverhouding met mekaar. Die mens is dus nie net 'n individu nie en ook nie maar net lid van 'n gemeenskap nie, maar is 'n individueel-sosiale eenheid; ons kan dit anders stel deur te sê dat elke persoon 'n individuele ekheid besit sowel as lid van verskillende samelewingskringe te

wees. Om die bogenoemde redes kan Cassirer se mensbeskouing nie reg laat wedervaar aan die sosiale opvoeding nie, wat onses insiens van fundamentele belang is.

Omdat die mens in sy tipiese menswees eers geken kan word as hy die wêreld van "meaning" betree sou enige sielkunde of opvoedkunde wat hom toespits op die "being" vir Cassirer onaanneemlik wees. Ons noem hier wat prof. Oberholzer sal bestempel as 'n scientisties-georiënteerde psigologie en pedagogiek.[1] Die behaviorisme wat toespits op die gedrag van die mens, kan nooit die mens in sy wese ken nie. Deur eksperiment en statistiek kan slegs die minder wesenlike van die menslike bestaan benader word. Cassirer sal dus 'n voorstander wees van 'n geesteswetenskaplike georiënteerde opvoedkunde en opvoedkundige sielkunde. Hierdie implisiete verwerping van 'n scientistiese opvoeding kan ons waardeer. Waar Cassirer dit egter doen vanuit idealistiese motiewe, doen ons dit omdat ons die mens nie slegs in sy materiële bestaan wil ken nie maar ook in sy geestelike. Die bogenoemde siening beklemtoon net die materiële bestaan van die mens.

In die simbolewêreld van Cassirer het geregtigheid, skoonheid, waarheid, reinheid van hart, ens., alhoewel menslike simbole, 'n objektiewe bestaan. Die selfbevryding lê nie slegs in die skepping van hierdie waardes as simbole nie, maar ook in die realisering daarvan. Die opvoeding moet die kind dan lei tot die realisering van hierdie waardes. In die opsig sal die opvoedkunde vir Cassirer 'n waardewetenskap wees. Hiermee wil ons saamstem, maar die waardes is nie simbolies-funksionele skeppings van die menslike gees nie. Hulle het bestaan afgesien daarvan of die mens hulle ken of nastreef. Die realisering van die waardes is ook nie deel van die mens se selfbevrydingsproses nie, maar is deel van die mens se religie waardeur God verheerlik word.

## <u>HOOFSTUK 18</u> <u>CASSIRER SE KULTUURBESKOUING EN DIE OPVOEDING</u>

<u>1. Inleiding.</u> As ons ons op die terrein van die kulturele opvoeding beweeg, kom ons voor heelwat probleme te staan.Hierdie probleme is in 'n groot mate aan 'n vae terminologie en 'n onnoukeurige afbakening van terrein te wyte. Dit is veral nodig om duidelik tussen kultuur, godsdiens en religie te onderskei.

Kultuur is gegee waar die mens natuur en homself beheers. In hierdie beheersing van die natuur word dit omgevorm sodat dit in sy omgevormde toestand tot diens van die mens kan wees. Dit betrek al die terreine waarop die mens beweeg. So is die beheersing van klanke wat die mens maak om 'n boodskap te dra, beheersing van middele om voortbestaan te verseker, die beheersing van 'n stuk yster om gereedskap te vorm, die plant van 'n heining om 'n skerm te vorm, ens., ens. alles kultuur. Maar om die natuur te kan beheers moet die mens hom eers self kan beheers; Daarom is kultuur ook selfbeheersing. Maar dit is nie al nie, want in hierdie selfbeheersing kan hy ook reg en sedelikheid beoefen - wat ook kultuur is. In sy natuur- en selfbeheersing is hy ook in staat om menslike verhoudings te vorm

120./ soos die huwelik, ....

1. C.Oberholzer: Inl. i.d. Prins. Opv., 219.